Die oorsprong van boosheid.

Teks: Genesis 6: 1 - 22 & Sondag 3
Teksvers: Genesis 6: 5-6

1. Inleiding

Wat is die oorsprong van boosheid? Wel vandag is daar baie antwoorde op hierdie vraag. Maar in 'n liberale humanistiese bestel van ons tyd is die antwoord altyd ekstern. Die boosheid is iets wat van buite kom en die mens kom besmet. Iets van die slagoffer-metaliteit met die uitroep: "Maar dit is nie my skuld nie" Daar word oor boosheid gedink amper soos 'n virus wat jou siek maak. Daarvandaan dan ook dikwels die verkeerde stelsel matige verwydering tussen sonde en siekte. Maar hierdie is nie 'n sielkunde les nie. Nee, dit gaan oor teologie soos ons dit bely in die Heidelbergse kategismus.

En in hierdie sin is Sondag 3 eienaardig vandag. Want ironies genoeg 400 jaar gelede wanneer mense nadink oor die bose. Dan sien ons iets wat die dieselfde is as vandag. Die skuld vir die bose moet voor iets of iemand anders se deur gelê word. Omdat die samelewing destyds nie so sterk atïesties was nie, word hierdie eksterne bron van die kwaad, dan God self. Maar kan dit so wees? Kan die bron van alle goed ook die oorsprong van kwaad wees. Die bekende jakobus 1:17 leer ons mos: Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo.

Selfs vandag is hierdie benadering nie so vreemd soos gedink word nie. Daar is vandag nog misdadigers wat beweer die Here het hulle laat sondig. En wie van ons het nie al verskeie verklarings gehoor, van die bose en goeie wat baklei oor die beheer van die mens nie? Maar waar het alles begin? En hoe het dit dan geword soos dit vandag is? Vir hierdie antwoorde blaai ons vandag na die eerste boek van die Bybel, Genesis. En binne Genesis gaan ons fokus op die tydstip net voor die eerste herskepping. Ons begin waar die Here vir Noag beveel om die ark uit Goferhout te bou.

2. Hoekom so drastiese ingryping?

In die vers net na ons teksvers, vers 7 openbaar die Here, sy optrede aan Noag: "Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het." En die rede vir hierdie drastiese ingryping is natuurlik ons teksverse, vers 5 & 6: "[5]Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,[6]het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart."

Dit is dan sommer ook net hier waar die dwaalleer oor die eksterne bron van boosheid weerlê word. Versinsels van die hart is dalk meer idiomaties as slegte dinge bedink in die nuwe vertaling. Tog is dit wel nader aan die grondteks. Want die gedagte rondom die hart van die mens is natuurlik anders in die antieke tyd waarin Genesis opgeteken word. Die hart is nie bloot die orgaan wat bloed deur die liggaam pomp nie. In Ou nabye ooste het die hart die totale binneste van die mens verteenwoordig. Iets wat ons vandag sy wese of self siel sal noem. Dit is hoe diep die oorsprong van die boosheid lê.

Die tweede ontnugtering in ons teksvers is die idee van sy lewe lank of altyddeur. Hier bose gedagtes is nie sommer iets wat kom en gaan vir die mens nie. Dit beslaan sy hele lewe volgens ons teksvers. Die heeltyd sonder uitsondering bedink en beplan die mens net wat sleg is. Daarom kan die Heilige Here dit nie net so laat nie. Dit moet gestraf word, met die toepaslike straf op die sonde en boosheid, die dood. Daarom bring die Here die drastiese ingryping wat ons ken as die sondvloed.

3. Boosheid word verheerlik

Tog kan 'n mens nou seker maklik argumenteer dat mense maar net hierdie inherente bose vir hulle self moet hou. As dit tog diep binne 'n persoon se binneste lewe, is dit mos veilig van ander wat dit kan seer maak. Tog weet ons dit is nie so eenvoudig nie. Die boosheid binne mens het altyd 'n manier om te kom. En dan benadeel dit ander mense. Uiteindelik dra dit by om die wêreld selfs nog 'n meer gebroke plek te maak.

En dit sien ons duidelik in die vers voor ons teksvers. In vers 4 word verwys na die manne van naam. Hulle was die sterk helde van ouds. Dit is hoe ’n gebroke wêreld ongelukkig werk. Die geweldenaar, die bedrywer van die bose word vereer. Want in ’n gebroke wêreld rondom ons. Sien ons die woorde van Romeine 1:32 uitgeleef word. Daar staan: “[32]Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.”

Daarom is daar waarheid daarin dat die bose ekstern teenwoordig is. Ons leef na die sondeval in Genesis 3, en in die baie jare wat verloop het, het die bose uitgebrei. Daarom is daar vandag baie bose praktyke rondom ons. Maar uiteindelik is dit die bose binne die mens se hart wat aangetrek word na die eksterne bose. Amper soos ’n magneetveld moet daar iets van die bose teenwoordig wees in die mens, om ook deur die eksterne bose aangetrek te word.

Dit is presies die rede waarom die gewildste films, musiek, kuns ens. baie keer juis ’n bose tema het. Geweld en haat teenoor ander mense lok mense saam op die pad waar die geweldenaars vereer en verheerlik word.

4. Ewige genade verbond

Maar genadiglik is dit nie einde nie. Want dit is ook juis in vandag se Sondagsafdeling dat dinge begin draai vir die gelowige. Vraag laat hierdie verandering al deurskyn. Ons lees ook in ons teksgedeelte duidelik die boodskap van Genade. Ja, alhoewel die Here berou het dat Hy die mens geskape het, is Genesis 6 nie die einde van menslike geskiedenis nie. Want alhoewel die Here alles wat die lewensasem in die neus het vedelg in die sondvloed, word genade bewys aan een gesin.

Die Here kies vir Noag en sy gesin uit en bewys aan hulle genade. God sluit in vers 18 ’n verbond met Noag, ’n Verbond wat sy lewe red. Deur hulle in die ark te bewaar gaan die Here herskep. Hy gaan die skepping oor begin uit hulle nageslag. Met die hoop dat dinge dan beter sal gaan. Ons weet egter dat dit nie die geval is nie. In die woord van Job 14:4 “Wie kan rein uit onrein laat voortkom?”. En in Genesis 8:21 na die afloop van die Sondvloed word dit dan ook so bevestig: “[21]Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: “Ek sal nie weer so ’n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.”

Tog is Genesis 8 ook nie die einde van die Woord van die Here nie of die menslike geskiedenis nie. Want uiteindelik sal die verbond volmaak word, in die nuwe verbond wat met die uitverkiesde mense gesluit word. Wanneer ons Here Jesus Christus aan die kruis sterf neem die verbond die volheid van die Nuwe Verbond aan. En dan word die moontlikheid daar geskep dat mense wedergebore kan word deur die Gees. En soos ons dan uiteindelik ook in die antwoord op vraag 8 onderstreep, is die mens nie in staat om enige iets goed te te doen behalwe as hy/sy wedergebore word uit die Gees.

5. Slot

Ten slotte keur ons weer terug na die vraag in Tema: Waar kom boosheid vandaan. En dan is die antwoord, dat dit eintlik diep in die mens se eie hart onstaan en leef. Ja, die groot verleier, kom versoek die mens natuurlik. Maar tog is dit die boosheid binne die mens wat aangetrek word na hierdie boosheid buite die mens toe. Maar die belangrike punt in Sondag 3 is dat die mens nie so geskep is nie. ’n Mens sien tog duidelik die kontras tussen die Here wat in Genesis 1 telkens bevestig dat die goed was. Inderwaarheid sê God na Hy die mens geskape het in Genesis 1: 31 dat dit baie goed was.

Maar dan die kontras in ons teks vers. Die Here het berou oor die mens wat Hy gemaak het. Die sonde kom verwoes wat goed is. Maar ons kan die nie voor die deur van die Here lê nie. Dit lewe inherent in die mens self. Ons kan net onsself blameer vir boosheid binne ons, en die verwoesting wat die buite ons aanrig.

Tog is daar steeds groter genade. Genade by die VerbondsGod self. Die Here kom was ons skoon van hierdie boosheid in ons. Dit is wat ons bely in die sakrament

van die doop, met duidelik verwysing na die sondvloed. Ons is skoongewas in die bloed van ons Here Jesus Christus wat Hy aan die kruis gestort het vir al ons sondes

Amen